**Julle hartseer sal in blydskap verander (OP244)**

**Joh 16:16-33**

**4 Januarie 2026**

Laasweek het ons gekyk na die Here Jesus wat die dissipels geleer het dat dit voordelig sal wees as Hy weggaan, want as Hy nie weggaan nie, kan die Heilige Gees nie kom nie. Die Here Jesus moes eers weggaan, en in die proses van Sy weggaan geregtigheid bewerk deur Sy dood, opstanding en hemelvaart, voordat die Heilige Gees kon kom. Ons het ook geleer van drie rolle wat die Heilige Gees sal kom vervul wanneer Hy na die Here Jesus se weggaan wel sal kom: (1) Hy sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, (2) Hy sal die dissipels in dié volle waarheid lei dat die Here Jesus die weg en die waarheid en die lewe is, en dat niemand na die Vader kan kom behalwe deur Hom nie, en (3) Die Heilige Gees sal ook kom juis met die doel om die Here Jesus te verheerlik. Ons het daarop gelet dat die Here Jesus 'n unieke rol het as een van die Persone in die Drie-Eenheid: Hy is die Een wat die waarheid is. Hy is ook die Een wat die Woord is. Hy is die uitstraling van God se heerlikheid, Hy is die ewebeeld van die wese van God, en in Hom woon die hele volheid van God liggaamlik. Daarom is dit so kosbaar dat die Heilige Gees juis Hom wil verheerlik, deur oor Hom te getuig.

Vandag wil ek graag aanbeweeg na die laaste gedeelte van Johannes 16. Met die oordenking van hierdie gedeelte bereik ons ook die einde van die bovertrek gesprek – 'n gesprek wat oor vier hoofstukke gestrek het, en waaraan ons aandag gegee het oor 'n periode van 12 weke. Dit word opgevolg in Joh 17 met die Here Jesus se Hoëpriesterlike gebed.

Ons begin deur te kyk na die inhoud van verse 16-21. Lees vers 16. Die Here Jesus sit Sy gesprek met die dissipels voort deur aan hulle te sê dat daar twee kort tydjies op hande is: Daar gaan eers 'n kort tydjie kom, en daarna sal die dissipels Hom nie meer sien nie. Dit sal dan opgevolg word met nog 'n kort tydjie en dan sal die dissipels Hom wel weer sien. Lees verse 17-18. Alhoewel die dissipels gehoor het wat die Here Jesus aan hulle gesê het, het hulle onder mekaar geredeneer oor wat dit kan beteken, hulle het teenoor mekaar opgemerk dat hulle nie verstaan wat Hy sê nie, en ook nie wat hierdie kort tydjies is waarvan Hy praat nie. Lees vers 19. Die Here Jesus het geweet dat hulle hieroor geredeneer het, en vra hulle of dit is waaroor hulle redeneer. Lees vers 20. Hier begin die Here Jesus om aan hulle te verduidelik waarvan Hy praat. Hy begin weereens met die stelling: "Amen, amen, Ek sê vir julle..." – weereens is dit wat Hy nou gaan verduidelik belangrik, en dit sal goed wees as die dissipels hiervan kennis sal neem. Hy verduidelik aan hulle dat na die eerste kort tydjie, dus wanneer hulle Hom nie meer sal sien nie, dan sal hulle huil en treur, hulle sal hartseer wees – immers sal hulle Hom dan nie sien nie. In teenstelling met hulle hartseer, sal die wêreld egter bly wees. Maar, na nog 'n kort tydjie, sal hulle Hom egter wel weer sien, en dan sal hulle hartseer en droefheid verander in blydskap. Lees vers 21. Hier vergelyk die Here Jesus dit wat die dissipels kan verwag, met die ervaring van 'n swanger vrou. Eers ervaar die vrou 'n periode van swaarkry en pyn – dit is gedurende die periode wat sy in kraam is. Maar dit word opgevolg met 'n periode van blydskap, nadat die kind gebore is. Haar blydskap is dan oorweldigend – soveel so dat sy nie meer die periode van pyn onthou nie – immers is haar kindjie gebore. En dit is ook wat die dissipels kan verwag: Al kan hulle verwag om vir 'n tydjie hartseer en droefheid te belewe gedurende die periode wat hulle nie die Here Jesus kan sien nie, sal dit opgevolg word met 'n ervaring van blydskap, omdat hulle dan wel weer die Here Jesus kan sien. Hierdie blydskap sal so groot wees, dat hulle dan die periode van droefheid en hartseer sal vergeet.

Die vraag waaroor ons nou moet besin, is: Waarna verwys die Here Jesus? Die dissipels het dit nie daardie aand verstaan nie, maar kan ons dit verstaan? Daar is drie moontlikhede waarna die Here Jesus hier kan verwys:

- Interpretasie 1: Die kort tydjie tot met die Here Jesus se weggaan, verwys na die tyd tot die volgende dag met die Here Jesus se sterwe, waarna die dissipels Hom nie meer kan sien nie (want Hy is dood). Hulle sal dan hartseer wees, maar die wêreld sal egter bly wees – immers sal hulle onder die indruk wees hulle is finaal van Hom ontslae. Dit sal egter net vir 'n kort rukkie duur – tot eerskomende Sondag, wanneer die Here Jesus sal opstaan. Dan sal die dissipels die Here Jesus weer sien, en dan verander hulle hartseer in blydskap, terwyl die wêreld se blydskap verdwyn.
- Interpretasie 2: Die kort tydjie wat die dissipels die Here Jesus nie sal sien nie, verwys na die periode vandat Hy opgevaar het hemel toe, tot met Pinkster, d.w.s. die uitstorting van die Heilige Gees. Laas week het ons gesien wanneer die Heilige Gees kom sal Hy die dissipels in die volle waarheid lei, en Hy sal juis die Here Jesus verheerlik. Die gevolg is dat die dissipels dan weer deur die werk van die Heilige Gees die Here Jesus sal sien – al is dit nie fisies nie, maar wel in die geloof onder die leiding van die Heilige Gees.
- Interpretasie 3: Die kort tydjie wat die dissipels die Here Jesus nie sal sien nie, verwys na die periode vandat Hy opgevaar het hemel toe, tot met Sy wederkoms. Dit sal dus beteken dat die periode van hartseer vir die dissipels en gelowiges duur tot met die wederkoms, en dan sal hulle droefheid in blydskap verander.

Ek stem saam met Carson en Tasker as hulle redeneer die Here Jesus het Interpretasie 1 bedoel, m.a.w. dat die kort tydjie tot hulle die Here Jesus nie meer kan sien nie, verwys na die tyd tot die volgende dag, met Jesus se sterwe, en die kort tydjie tot hulle Hom weer sal sien, verwys na die tyd daarna tot eerskomende Sondag, toe die Here Jesus opgestaan het, en aan hulle verskyn het. Die motivering vir hierdie keuse is soos volg:

- In Joh 15:11 het die Here Jesus aan die dissipels uitgelig dat hulle alreeds in hierdie lewe kan verwag om in Sy blydskap te deel – dit impliseer dat Interpretasie 3 nie meer geldig is nie, want volgens daardie interpretasie sal hulle eers met die wederkoms blydskap ervaar.
- In Joh 20:20 lees ons die volgende toe die Here Jesus op Opstandingsondag aan Sy dissipels verskyn het: "Die dissipels was verheug toe hulle die Here sien". Hulle het reeds op Opstandingsondag al die Here Jesus weer gesien, en hulle was toe alreeds gevul met blydskap – reeds voor die uitstorting van die Heilige Gees (Interpretasie 2), en ook voor die wederkoms (Interpretasie 3).

Natuurlik beteken dit nie dat daar nie opnuut vreugde sal wees tydens Pinkster en die Wederkoms nie. Maar die dissipels het reeds vreugde en blydskap belewe op Opstandingsondag – al was daar steeds beperkinge in hierdie vreugde, soos wat ons later sal sien. Opstandingsondag, Pinkster en die Wederkoms is inderdaad aldrie groot hoogtepunte in die openbaringsgeskiedenis wat elkeen 'n groot bydrae lewer tot die vreugde en blydskap van gelowiges. Maar die blydskap begin alreeds eerskomende Sondag met die Here Jesus se opstanding.

Ek wil die res van die gedeelte bespreek deur te fokus op hierdie blydskap wat die dissipels, en ook ons as gelowiges, kan verwag. Ek wil dit onder die volgende vier punte bespreek: (1) Die blydskap begin in pyn en verwarring (v22), (2) Die blydskap groei deur kennis en 'n verhouding met God (v23-28), (3) Die blydskap is nie volmaak in hierdie gevalle wêreld nie (v28-32), en (4) Volkome blydskap is egter wel verseker (v22, 24, 32-33).

Die blydskap begin in pyn en verwarring (v22)

Ons het die afgelope paar weke herhaaldelik gesien hoe min die dissipels op daardie aand in die bovertrek verstaan het. Toe hulle gehoor het die Here Jesus gaan weg, was hulle in die eerste plek besorg oor hulle eie persoonlike verlies. Hulle kon net nie verstaan hoe alles sin maak nie. En asof dit nie al erg genoeg was nie, het die Here Jesus hulle boonop gewaarsku dat hulle deur die wêreld gehaat sal word, en dat dit by tye werklik intens kan wees. En nou het die Here Jesus dit opnuut bevestig: Nog net 'n kort tydjie en dan sien hulle Hom nie meer nie. En terwyl Hy weg is en hulle Hom nie kan sien nie, gaan hulle huil en treur, hulle gaan hartseer wees, en dit terwyl die wêreld bly sal wees. Dit was alles so verwarrend, selfs onlogies, definitief anders as wat hulle voorsien het en so anders as wat hulle gehoop het.

Lees vers 22. En tog gee die Here Jesus nou aan hulle rede om opgewonde te wees. Na die kort tydjie van Hom nie sien nie, van hartseer en droefheid, sal daar 'n verandering wees: Hulle hartseer en droefheid sal oorgaan in blydskap. Let op wat die oorgang sal teweeg bring: Die Here Jesus sal hulle sien. Die oorgang van droefheid na blydskap sal gebeur wanneer die Here Jesus hulle weer sien na die kort tydjie. Ten diepste is die bron van hulle hartseer gedurende die kort tydjie die feit dat hulle nie die Here Jesus kon sien nie. Ons weet nou dit verwys na die periode tussen Sy sterwe en opstanding. Natuurlik sal dit 'n periode wees van hartseer oor hulle verlies. En boonop sal die wêreld opgewonde wees – hulle sal dink hulle het die stryd gewen. Maar na 'n kort tydjie, op eerskomende Sondagoggend, gaan die Here Jesus opstaan, en later op daardie Sondag gaan Hy na Sy dissipels kom en Hy gaan hulle sien. En wanneer Hy hulle sien, sal hulle Hom ook sien. Maar let op: Dit is Hy wat na hulle kom, dit is Hy wat hulle kom sien – dit is Hy wat die inisiatief neem. Maar dit is wanneer Hy hulle sien, en hulle Hom dan ook sien – dit is dan dat hulle droefheid en hartseer oorgaan in blydskap en vreugde.

Geliefdes, is dit nie wat ons as gelowiges ook dikwels beleef nie? Ons vind ook die lewe by tye hoogs verwarrend. Dinge gebeur en dit maak ons moedeloos. Ons wonder wat die betekenis en doel daarmee kan wees. Die lewe voel so nutteloos en leeg. Soms voel dit selfs wreed en pynvol. Soms voel jy: Ek kan maar net so wel sterf. En jy is hartseer. Maar dan sien jy die Here Jesus – miskien gebeur dit as jy Bybel lees, of dalk as jy in gebed met die Here worstel, of dalk tydens 'n preek, of dalk tydens 'n gesprek met 'n mede-gelowige. Onthou hierdie getuienis uit die Bybel of deur 'n preek of deur 'n mede-gelowige is juis die getuienis van die Heilige Gees – en, soos ons laasweek gesien het, Hy getuig juis oor die Here Jesus om Hom te verheerlik. Die punt is, op een of ander manier sien jy die Here Jesus deur die getuienis van die Heilige Gees – en jy sien juis die opgestane Here Jesus, nadat Hy geregtigheid bewerk het, nadat Hy die dood oorwin het. Jy sien iets van die wonder wat die dissipels op daardie Opstandingsondag beleef het – en jy besef: Die Here Jesus het opgestaan, en die Here Jesus sien my in my droefheid en hartseer. En dan sien jy Hom – jy sien Hom as die opgestane Here Jesus. En dan verander jou hartseer in vreugde. Want die Heilige Gees werk in jou, en Hy getuig juis van die Here Jesus. En jy begin begryp wat Hy bewerk het. En jou hartseer verander in blydskap – want jy verstaan hoe heerlik die implikasies van die werk van die Here Jesus is: Dit hou vir jou die belofte en versekering in dat jou sondeskuld vergewe is, dat die dood oorwin is, dat daar 'n ewige lewe op jou wag, in vrede met die Here God. En jou vroeër geworstel met die nutteloosheid van hierdie lewe verdwyn, en word vervang met 'n blydskap oor die werk van die Here Jesus. Dikwels begin ons blydskap oor Sy werk in pyn en verwarring.

Die blydskap groei deur kennis en 'n verhouding met God (v23-28)

Die blydskap waarvan die Here Jesus hier praat is nie maar net 'n kortstondige blydskap wat spoedig weer vervaag nie. Dit is ook nie 'n bloot emosionele blydskap nie – alhoewel ons emosies ook betrek

word. Nee, die blydskap waarvan die Here Jesus praat is ‘n blydskap wat heerlike, kosbare en ryk inhoud het. Dit is ‘n blydskap wat nie net emosioneel is nie, nee, dit is rasioneel. Dit is ‘n blydskap wat gewortel is met stewige fondamente. Dit is ‘n blydskap wat nie teleur sal stel nie. Dit is ‘n blydskap oor die werk van die Here Jesus en al die ryk implikasies wat dit inhou vir die gelowige: ‘n Sinvolle lewe tot Sy eer vir ewig in Sy teenwoordigheid. Dit is egter ook ‘n blydskap wat nie eensklaps volmaak is nie. Dit is ‘n blydskap wat met verloop van tyd groei – nie net word die inhoud van die blydskap meer nie, maar die sekerheid van die soliede basis waarop dit gegrond is, word ook al duideliker, wat op sigself bydrae tot groter blydskap.

Lees vers 23a. Die Here Jesus verseker die dissipels op daardie dag sal hulle Hom niks meer vra nie. Op watter dag is dit? Op eerskomende Sondag! Hierdie dissipels wat op Donderdagaand so min verstaan het, hierdie dissipels wat deur die loop van die komende nag en die volgende dag soveel verwarrende dinge gaan belewe, hierdie dissipels wat Saterdag gaan rou, terwyl die wêreld gaan bly wees – dit is hierdie dissipels wat eerskomende Sondag gaan bly wees, so bly hulle gaan die Here Jesus niks meer vra nie! Ja, op Donderdagaand verstaan hulle min, en hulle redeneer onder mekaar en vra vrae, maar eerskomende Sondag gaan hulle baie meer verstaan – hulle gaan eenvoudig verstom staan oor wat hulle sien: die opgestane Here Jesus! Stukke van God se raadsplan wat vir hulle op Donderdagaand nog so verwarrend was, gaan Sondag vir hulle soveel meer sin maak. Dink aan die Emmausgangers wie se harte Sondag gaan warm word as hulle begin om die betekenis te snap van die gebeure sedert Donderdagaand. Skielik is dit duidelik die Here Jesus is nie maar net ‘n aardse Koning nie. Skielik is dit duidelik Hy werk aan iets baie groters – Hy bou ‘n hemelse koninkryk, Hy het selfs die dood oorwin!

Dit beteken nie dat hulle op Opstandingsondag alles al begryp het nie. Maar hulle het definitief met nuwe oë na alles gekyk. Ja, hulle moes nog wag op die koms van die Heilige Gees om hulle in die volle waarheid in te lei. Maar op Opstandingsondag verstaan hulle alreeds meer. Lees vers 23b. En hier is die volgende verstommende feit: Die Here Jesus verseker hulle weereens met ‘n dubbele Amen: As hulle steeds vrae het, kan hulle steeds vra. Maar let op: Waar hulle tot op hede met hulle vrae direk na die Here Jesus gegaan het, nou mag hulle direk na die Vader gaan. En asof dit nie genoeg is nie: As hulle na die Vader gaan om te vra, en as hulle in die Naam van die Here Jesus vra, sal die Vader dit vir hulle gee. Lees vers 23b-24. Ja, tot nou toe het hulle direk hulle vrae na die Here Jesus geneem, hulle het dit nie in gebed na die Vader geneem nie. Hulle kon dit tot nou toe nog nie direk na die Vader neem in die Here Jesus se Naam nie – want die Here Jesus het nog nie vir hulle geregtigheid voor die Vader bewerk nie – daar was steeds afstand tussen hulle en die Vader. Maar van Sondag af, nadat Hy geregtigheid bewerk het, nadat Hy die dood oorwin het, en veral na Sy hemelvaart 40 dae later, kan hulle al hulle vrae na die Vader neem. Ja, in ‘n sekere sin is dit om ‘t ewe of hulle die Here Jesus of die Vader vra: Immers is die Here Jesus en die Vader se werke en woorde dieselfde. Maar die punt is: die Here Jesus gaan binnekort opvaar hemel toe, en dan kan hulle Hom nie meer vra nie. Maar dan kan hulle direk na die Vader gaan en van Hom vra. Maar hulle moet in die Here Jesus se Naam gaan vra – want dit is Hy wat vir hulle intussen geregtigheid bewerk het, dit is Hy wat vir hulle die weg oopgemaak het na die Vader toe – immers is Hy die weg en die waarheid en die lewe, immers is Hy die enigste manier na die Vader toe. En die belofte van die Here Jesus is: as hulle in Sy Naam vra, as hulle vra met die doel om Sy wil te doen, sal hulle ontvang waarvoor hulle vra – en selfs nog meer as dit: Dan sal hulle blydskap al hoe groter word op pad om te groei na volkome blydskap.

Lees vers 25. Dit is so dat tot op hierdie aand in die bovertrek, het die Here Jesus dikwels deur gelykenisse geleer – maar dit is ook so dat Hy die gelykenisse vir Sy dissipels uitgelê het. Maar wat die Here Jesus in vers 25 bedoel is nie soseer net die gelykenisse wat Hy vertel en uitgelê het nie – al

Sy lering oor die afgelope drie jaar was moeilik verstaanbaar vir die dissipels. Die gevolg is Hy moes dikwels sekere dinge terughou – soos ons laasweek gesien het in vers 12. By tye was Hy net kripties. Maar, sê die Here Jesus, dit is ook op die punt om nou te verander: Voortaan gaan Hy hulle openlik van die Vader leer. Kan ek jou herinner aan wat ons laasweek oor besin het: Die Here Jesus is die Een wat die Vader aan ons bekend maak. Hy is die beeld van die onsigbare God wat Hom aan ons kom bekend maak. Uit Hom straal die heerlikheid van God. Die Here Jesus het dus ook onderneem om na Opstandingsondag, en sekerlik ook in besonder na Pinkster deur die werk van die Heilige Gees, die Vader nog meer direk aan ons bekend te maak, sodat ons nog meer van Sy heerlikheid mag aanskou – kan jy jou indink wat die implikasies hiervan moet wees vir ons blydskap?

Lees verse 26-27. Weereens onderstreep die Here Jesus dat hulle voortaan in Sy Naam sal bid. Maar dan voeg Hy in vers 26 by: "Daarmee sê Ek nie vir julle dat Ek vir julle tot die Vader sal bid nie". Ek glo julle sal saamstem dat dit vreemd klink – is dit dan nie so dat die Here Jesus juis vir gelowiges by die Vader intree? Dink maar net aan Rom 8:34 "Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree." Heb 7:12 sê iets soortgelyks. Hoe rym dit dat die Here Jesus vir ons by die Vader intree, en tog ook hier sê dat Hy nie vir hulle tot die Vader sal bid nie? Ja, natuurlik tree die Here Jesus vir gelowiges in by die Vader. Wanneer Hy vir hulle intree, herinner Hy die Vader dat Hy juis ter wille van elkeen van die gelowiges geregtigheid bewerk het deur Sy soendood en opstanding. Maar dit is nie wat die Here Jesus hier in Joh 16:26 in gedagte het nie. Lees weer verse 26-27. Die punt wat die Here Jesus hier maak is dat die dissipels, en dus ook die gelowiges, voortaan tot die Vader sal bid. Maar hulle moet in die Here Jesus se Naam bid – dit beteken die enigste basis waarom hulle die reg het om na die Vader te mag gaan, is in die Here Jesus se Naam, want Hy het vir hulle geregtigheid bewerk, en daarom doen Hy voorspraak vir hulle by die Vader. Maar, wanneer hulle nou bid, gaan hulle nie tot die Here Jesus bid, en Hy gaan dan weer hulle bede na die Vader neem nie – nee, wanneer hulle bid, kan hulle direk tot die Vader bid. Hulle mag dit nou doen, want Hy het reeds vir hulle voorspraak gedoen. En boonop het die Vader behae hierin dat hulle direk tot Hom bid – want die Vader het hulle lief. Geliefdes, dink aan die impak hiervan op ons blydskap: Daar was afstand tussen ons en die Vader. Tydens die gebeure op daardie Vrydag tot Sondag het die Here Jesus vir ons geregtigheid bewerk. Hy het toe vir ons gaan voorspraak doen by die Vader op grond van hierdie geregtigheid wat Hy bewerk het. En die gevolg is: nou mag ons direk tot die Vader bid, weliswaar in die Naam van die Here Jesus, m.a.w. ons beroep ons op die Here Jesus se voorspraak, maar ons kan direk na die Vader gaan. Daarom sluit ons dikwels ons gebede af met die belydenis dat ons dit in die Here Jesus se Naam vra. En wat meer is: die Vader verlustig Hom hierin, want Hy het ons lief. Dit is tog rede tot blydskap, is dit nie?

<u>Die blydskap is nie volmaak in hierdie gevalle wêreld nie (v28-32)</u>

Lees vers 28. Die Here Jesus vat Sy koms na die wêreld saam: Hy het van die Vader af gekom. Hy het na hierdie wêreld gekom. Hy is nou op die punt om weer die wêreld te verlaat. En nou gaan Hy terug na Sy Vader.

Lees vers 29-30. Dit alles vul die dissipels met bravade. Hulle reken die Here Jesus praat nou nie meer in gelykenisse nie, maar direk en openlik. Hulle reken hulle verstaan nou. Hulle reken hulle verstaan die Here Jesus weet alles, en daarom hoef hulle Hom nie verdere vrae te vra om uit te vind of Hy alles verstaan nie (dit is nogal arrogant as ons dink hoe min hulle daardie aand verstaan het, en tog voel hulle hulle is in die posisie om te mag oordeel of die Here Jesus alles verstaan). In besonder, is hulle nou oortuig dat die Here Jesus van God af gekom het.

Lees verse 31-32. Direk ontnugter die Here Jesus hulle bravade. Hy waarsku hulle daar kom 'n uur – trouens daardie uur het alreeds aangebreek – dit begin daardie selfde nag al, en ook die volgende dag. Ten spyte van hulle bravade, sal hulle daardie nag en die volgende dag uitmekaar gedryf word. Hulle sal elkeen na hulle eie huise vlug, en Hom alleen agterlaat. Dit is so tragies: Hulle is sopas gewaarsku daar gaan 'n kort tydjie van hartseer en swaarkry en droefheid kom, voor hulle die blydskap gaan smaak. Maar dit is asof hulle dit alweer vergeet het. Hulle het mos sopas gehoor van die blydskap en die kennis wat hulle sal hê en die intieme verhouding wat hulle met die Vader sal hê. Weer is dit nodig dat hulle moet leer hoe afhanklik hulle van die Here se werk in hulle is – dit kom nie deur eie krag en bravade nie. Sodra hulle staatmaak op hulle eie insig, val hulle.

En dit is natuurlik netso waar van ons: Ons is ook geneig om sodra ons 'n bietjie gegroei het in ons kennis van die Here en Sy werk, sodra ons so 'n bietjie gegroei het in ons verhouding met Hom, om dan arrogant op ons eie kennis staat te maak, en om arrogant ons eie oordeel te vertrou. En dan is dit nodig dat die Here Jesus ons weer moet herinner: Ons groei is afhanklik van Sy werk en die werk van die Heilige Gees in ons. Al die vordering wat ons maak, is te danke aan Hom. Daarom moet ons dankbaarheid en blydskap ook in Hom gewortel wees. Dit is Sy werk, nie ons s'n nie. Solank as wat ons nog in hierdie lewe in hierdie gevalle wêreld is, loop ons die gevaar om arrogant te word. En dan lei dit daartoe dat ons val, en dat ons blydskap ook terugval in droefheid en hartseer en worsteling. Ons moet leer hoe belangrik daardie laaste bede in die Onse Vader is: Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.

Dit alles laat ons wonder: Gaan ons dan ooit hierdie blydskap volkome beleef?

<u>Volkome blydskap is egter wel verseker (v22, 24, 32-33)</u>

Lees vers 32b-33. Sopas het die Here Jesus die tragiese realiteit uitgelig dat die dissipels Hom binnekort gaan verlaat. Maar genadiglik is daar nog 'n realiteit: Al haat die wêreld die Here Jesus. Al sal die dissipels Hom ook almal verlaat. Nogtans sal die Here Jesus nie alleen wees nie – want die Vader is steeds by Hom. Dit het tog al baie duidelik geword gedurende die Here Jesus se openbare optrede, en ook tydens die gesprek hierdie aand in die bovertrek, dat die Here Jesus absoluut daarvan oortuig was dat Hy en die Vader belyn is: Hy is in die Vader en die Vader is in Hom. Sy werke is ook die werke van die Vader. Daarom is Hy oortuig dat selfs gedurende die volgende paar dae met al die eise wat dit aan Hom gaan stel, selfs in daardie kort tydjie wat die wêreld bly gaan wees, sal die Vader Hom nie verlaat nie, sal die Vader by Hom wees. Ja, ons weet dat Hy aan die kruis sou uitroep "My God, My God, waarom het U My verlaat!" Ja, ons weet dit was sekerlik die dieptepunt van Sy lyding – om selfs deur Sy Vader verlaat te wees. Maar, die Here Jesus was ook oortuig dat selfs dit steeds binne die wil van Sy Vader was, Hy was oortuig dat Hy die oorwinning aan die kruis sou behaal, Hy was oortuig na die drie ure van duisternis sou Hy weer kon sê: "Vader, in U hande gee Ek my Gees oor". Behalwe vir daardie klimaks waartydens die Vader Hom verlaat het, was die Vader die heeltyd by Hom. En dit was vir die Here Jesus 'n reuse bemoediging – veral toe ook selfs die dissipels Hom verlaat het.

Die Here Jesus was so oortuig dat Hy die owerste van die wêreld, sowel as al sy volgelinge sal oorwin, dat die Here Jesus die bovertrek gesprek kon afsluit met die woorde: "Ek het reeds die wêreld oorwin." Selfs voor die kruisiging was dit vir Hom so 'n werklike sekerheid dat Hy toe alreeds daarvan kon praat in die verlede tyd – dit was so goed as reeds gedoen en afgehandel. En die resultaat van hierdie oorwinning is dat Hy nou werklike vrede bewerk het – vrede vir die mense wat in Hom glo. En, let op, dit is vrede met God wat Hy vir hulle bewerk het. En dit is juis hiermee wat Hy Sy dissipels, en dus ook vir ons as gelowiges, bemoedig. Ja, hulle sal swaarkry in die wêreld. Ja, hulle

mag by tye Hom selfs verlaat. Maar Hy moedig hulle aan: Hou moed! Selfs as hulle struikel: Hou moed!

In vers 24 het Hy alreeds vir hulle gesê hulle moet vra, hulle moet die Vader vra, hulle moet die Vader in Sy Naam vra, dan sal hulle ontvang. Wat is dit wat hulle sal ontvang? Volkome blydskap – eventueel sal hulle blydskap volkome wees. Dit sal nie uit eie krag kom nie. Maar as hulle die Vader vra in die Naam van die Here Jesus, dan sal hulle blydskap kan groei – en dit sal kan groei tot volkome blydskap. Immers het die Here Jesus reeds die wêreld oorwin. Immers het Hy reeds geregtigheid bewerk. Immers het Hy reeds as hulle Voorspraak by die Vader ingetree. Immers is die Vader vir hulle lief. Immers was dit die plan van die Vader van die begin af dat hulle vreugde in Hom sal hê. Daarom sal die Vader en die Seun en die Heilige Gees toesien dat hulle blydskap sal groei – en dat dit volkome sal wees. Immers is daar niemand wat hulle blydskap kan wegneem nie (v22).

Geliefdes, staan julle ook verstom oor wat die Here Jesus hier leer? Sondaarmense, soos die dissipels, soos ons, wat skuldig voor God gestaan het, wat nie gedurf het om in God se teenwoordigheid te mag kom nie – hulle mag in die Naam van die Seun, en dus op grond van Sy geregtigheid, direk na die Vader gaan, en hulle mag Hom vra wat hulle nodig het om hierdie volkome blydskap te mag ontvang en om vrede met God te mag hê. En die belofte is: Die Vader sal dit vir ons gee. Boonop weet ons uit Rom 8 dat as ons nie weet hoe en wat om te vra nie – is selfs dit nie die einde van die wêreld nie – dan sal die Heilige Gees namens ons vra. Dit is die verlossingswerk van die Drie-Enige God! Dit is uit hierdie werk dat ons die heerlikheid van die onsigbare God leer ken. Die werk van die Here Jesus bewerk dit alles. En die Heilige Gees getuig oor Sy werk. Hoe meer ons ons hierin verdiep, hoe meer ons hiervan verstaan, hoe minder sal ons beleef dat die lewe leeg en nutteloos is, hoe minder sal ons gepootjie word deur die pyn in hierdie wêreld, en hoe groter sal ons blydskap wees in die Here – totdat dit eendag volmaak sal wees.

Prys die Here – want Hy is dit waardig!